


# KONGRESMOSIES

Vier en twintig (24) mosies is aan die Kongres voorgehou. Die mosies is onder hoofonderwerpe ingedeel en word onder elke hoofonderwerp gelys.

Mosies word na die onderskeie afdelings en/of provinsies verwys vir hantering. 'n Verslag ten opsigte die vordering van die mosies sal deurlopend aan die Nasionale Dagbestuur en Nasionale Uitvoerende Raad voorgehou word.

## Indeks van mosies

SAKE VAN NASIONALE BELANG ........ 2
- Mosie 1: 1.1 (a) Die beskerming van vakbonde se regte, asook die reg om te organiseer ........ 2
- Mosie 2: 1.1 (b) Die welstand van onderwysers as voorwaarde vir kwaliteit onderrig ........ 2
- Mosie 3: 1.2 (e) Die veiligheid van onderwyspersoneel binne skole ........ 3
- Mosie 4: 1.5 (e) Die beskerming van bestedingsvermoë en volhoubare verbetering van diensvoorwaardes binne die Staatsdiens ........ 4
- Mosie 5: 1.5 (g) Die versterking van die SAOU se mandaat rakende GEMS en die beskerming van lede se mediese voordele ........ 5
- Mosie 6: 1.1 (c) Kunsmatige Intelligensie (ki) en die voortbestaan van die onderwysprofessie ........ 6
- Mosie 7: 1.1 (e) Versterking van die status en kwaliteit van Vroeë Kinderontwikkeling (VKO) [0–4 jaar] onderwysers en praktisyns ........ 7

STATUTÊRE VERPLIGTINGE ........ 8
- Mosie 8: 1.5 (a) Die beskerming van die professionele status van die onderwyser ........ 8
- Mosie 9: 1.2 (a) Die sloering van regulasies vir die implementering van SASW soos gewysig (BELA) ........ 8
- Mosie 10: 1.2 (b) Die nie-implementering van Graad R as verpligte komponent van die skoolstelsel ........ 9
- Mosie 11: 1.2 (d) Die herskryf van die postevoorsieningsmodel ........ 10
- Mosie 12: 1.2 (g) Die integrasie van Witskrif 6 rakende inklusiewe onderwys in hoofstroomskole ........ 11
- Mosie 13: 1.3 (e) Die hantering van inklusiewe onderwys binne die hoofstroom ........ 12

FINANSIES ........ 13
- Mosie 14: 1.2 (f) Die hersiening van die befondsingsmodel van skole (kwintiele) ........ 13
- Mosie 15: 1.2 (h) Die nie- of laat betaling van norme en standaarde as 'n skending van onderwysers en leerders se grondwetlike verpligting om kwaliteit onderwys en leer toe te pas ........ 13
- Mosie 16: 1.1 (d) Die verwerping van besnoeiingsmaatreëls tot voordeel van kwaliteit onderwys ........ 14

KURRIKULUM ........ 15
- Mosie 17: 1.3 (a) Die toekoms en implementering van die driestroommodel ........ 15
- Mosie 18: 1.3 (b) Die toekoms en geloofwaardigheid van die Algemene Onderwyssertifikaat (AOS) ........ 15
- Mosie 19: 1.3 (c) Die implementering van onbefondse inisiatiewe ........ 16

SAOU ........ 17
- Mosie 20: 1.4 (a) – (e) Strategiese rigting binne die SAOU ........ 17
- Mosie 21: 1.5 (f) Die versterking van die SAOU se dienslewering, handelsmerk en ondersteuning aan lede en beheerliggame ........ 18

ANDER MOSIES ..... **19**
Mosie 22: 1.5 (b) Verbeterde dienslewering van distrikskantore ..... 19
Mosie 23: 1.5 (c) Die aanstelling van manlike onderwyspersoneel ..... 20
Mosie 24: 1.5 (d) Die gebruik van die term "Model-C skole" ..... 20

## SAKE VAN NASIONALE BELANG

Die mosies van nasionale belang handel oor die organisering van vakbonde met klem op lede se welstand en veiligheid, diensvoorwaardes en die beskerming van die professie.

### Mosie 1: 1.1 (a) Die beskerming van vakbonde se regte, asook die reg om te organiseer

Die Kongres op 24 en 25 Junie 2026 neem kennis dat:

1. Die beskerming en uitbou van vakbonde se organisatoriese regte noodsaaklik is vir die voortbestaan van verantwoordelike vakbondwese en die beskerming van onderwysers se arbeidsbelange;
2. Die verlies of inperking van organisatoriese regte vakbonde irrelevant kan maak en ernstige gevolge vir die onderwyssektor kan inhou;
3. Die reg van vakbonde om te organiseer en aan wettige protesaksies deel te neem beskerm en gehandhaaf moet word;
4. Die toenemende druk om dele van die staatsdiens as Noodsaaklike Dienste te klassifiseer bestaande arbeids- en organisatoriese regte onder druk plaas; en
5. Die werksaamhede van die Noodsaaklike Dienste Komitee (ESC) toenemende druk op die SAOU plaas om hierdie regte daadwerklik te beskerm.

Die Kongres beveel aan dat:

1. Die SAOU daadwerklik optree teen enige inbreukmaking op organisatoriese regte en die reg om te organiseer.
2. ’n Regsoudit gedoen word van:
   2.1. Huidige beperkings op organisatoriese regte; en
   2.2. Voorgestelde veranderinge wat die reg om te organiseer kan beïnvloed.
3. ’n Strategiese reaksieplan ontwikkel word om:
   3.1. Die openbare beeld van die SAOU as verantwoordelike vakbond verder uit te bou;
   3.2. Die rol van onderwysvakbonde binne ’n moderne arbeidsomgewing te herbevestig;
   3.3. Die behoeftes van jong opvoeders ten opsigte van vakbondwese te bepaal; en
   3.4. ’n Kontemporêre en volhoubare vakbondbenadering vir die toekoms te ontwikkel.

**Ingedien en ondersteun deur:**
Nasionale Dagbestuur

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur, Regsdienste en Kollektiewe Onderhandelinge

### Mosie 2: 1.1 (b) Die welstand van onderwysers as voorwaarde vir kwaliteit onderrig

Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:

1. Die toenemende administratiewe laste, dissiplinêre uitdagings, emosionele eise en voortdurende beleids- en kurrikulumveranderinge waaraan onderwysers daagliks blootgestel word;
2. Die direkte verband tussen onderwyserswelstand en die kwaliteit van onderrig, leerderprestasie en effektiewe klaskamerbestuur;

3. Oormatige administratiewe vereistes waardevolle onderrigtyd verminder en bydra tot verhoogde stres, uitbranding en verminderde werksbevrediging onder onderwysers;
4. Personeeltekorte, verhoogde werksdruk en onvoldoende ondersteuning die volhoubaarheid van die onderwysberoep negatief beïnvloed;
5. Toenemende veiligheidsrisiko's binne skole die fisiese, emosionele en professionele veiligheid van onderwyspersoneel bedreig;
6. Emosionele ondersteuning, professionele balans en gesonde werksomstandighede noodsaaklik is vir effektiewe onderrig; en
7. Skole, beheerliggame, onderwysdepartemente en vakbonde 'n belangrike rol speel in die skep van 'n ondersteunende en professionele werksomgewing.

Die Kongres beveel aan dat:
1. Die SAOU onderwyserswelstand as strategiese prioriteit binne die onderwysstelsel bevorder.
2. Die SAOU by die Departement van Basiese Onderwys aandring op:
    2.1. Die vermindering van onnodige administratiewe laste;
    2.2. Die uitskakeling van duplisering van verslagdoening en dokumentasie;
    2.3. Die vereenvoudiging van administratiewe prosesse; en
    2.4. Die effektiewe benutting van tegnologie om administrasie te verminder.
3. 'n Omvattende ondersoek gedoen word na die aard, omvang en noodsaaklikheid van administratiewe vereistes binne skole ten einde onderrigtyd te beskerm en werksdruk te verminder.
4. Programme en ondersteuningstelsels bevorder word wat fokus op:
    4.1. Emosionele ondersteuning;
    4.2. Stresbestuur;
    4.3. Professionele balans;
    4.4. Die veiligheid van onderwyspersoneel; en
    4.5. Die bevordering van werksvreugde en beroepstrots.
5. Bewusmakingsveldtogte geloods word om die belangrikheid van onderwyserswelstand as grondslag vir kwaliteit onderwys te beklemtoon.
6. Samewerking tussen skole, beheerliggame, onderwysorganisasies en die Departement van Basiese Onderwys versterk word om 'n kultuur van ondersteuning, veiligheid en professionele respek vir onderwysers te bevorder.
7. Die SAOU voortgaan om navorsing en gesprek te fasiliteer oor die impak van administratiewe oorbelasting, werksdruk en veiligheid op die volhoubaarheid van die onderwysprofessie.

Mosie saamgestel uit:
- KwaZulu-Natal (2);
- Oos-Kaap (6);
- Mpumalanga (4);
- Noordwes (37);
- Oos-Kaap (41); en
- Vrystaat (12).

Verwys vir hantering na:
Nasionale Dagbestuur, Bemarking en Kommunikasie (SAOU-Help), Professionele Dienste en SAOU Gauteng

Mosie 3: 1.2 (e) Die veiligheid van onderwyspersoneel binne skole
Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:

1. Die toenemende veiligheidsrisiko's waaraan onderwyspersoneel binne skole blootgestel word;
2. Die feit dat opvoeders toenemend blootgestel word aan geweld, intimidasie, teistering, dreigemente en aanranding binne die skoolomgewing;
3. Die negatiewe impak wat onveilige werksomstandighede op onderwyserwelstand, beroepstrots, dissipline en kwaliteit onderrig het;
4. Die noodsaaklikheid van duidelike veiligheidsprotokolle, doeltreffende ondersteuning en samewerking tussen skole, onderwysowerhede en wetstoepassingsinstansies; en
5. Die belangrikheid daarvan dat skole veilige professionele werksomgewings vir onderwyspersoneel bly.

Die Kongres beveel aan dat:
1. Omvattende en afdwingbare maatreëls dringend ingestel word om die veiligheid van onderwyspersoneel binne skole te beskerm.
2. Duidelike protokolle ontwikkel en geïmplementeer word vir:
   2.1. Die voorkoming van geweld en intimidasie;
   2.2. Die rapportering van voorvalle;
   2.3. Die hantering van dreigemente en aanrandings; en
   2.4. Die ondersteuning van slagoffers binne die skoolomgewing.
3. Die SAOU 'n streng nulverdraagsaamheidsbenadering tot enige vorm van geweld, teistering of intimidasie teen onderwyspersoneel ondersteun en bevorder.
4. Skole en onderwysowerhede versterkte veiligheids- en ondersteuningsmaatreëls implementeer in samewerking met relevante wetstoepassings- en veiligheidsinstansies.
5. Die SAOU voortgaan om die veiligheid, waardigheid en professionele beskerming van onderwyspersoneel as strategiese prioriteit binne die onderwysomgewing te bevorder.

**Mosie saamgestel uit:**
Gauteng (16)

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur, Kollektiewe Onderhandelinge, Regsdienste en SAOU Gauteng

### Mosie 4: 1.5 (e) Die beskerming van bestedingsvermoë en volhoubare verbetering van diensvoorwaardes binne die Staatsdiens

Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:
1. Die toenemende finansiële druk wat inflasie, verhoogde lewenskoste, rentekoerse, voedselpryse, brandstofkoste en ekonomiese onsekerheid op staatsdienswerknemers plaas;
2. Billike salarisaanpassings 'n belangrike rol speel in die behoud van professionele personeel, werksbevrediging en kwaliteit dienslewering binne die onderwyssektor;
3. Die huidige meerjarige staatsdiensooreenkoms voorsiening maak vir salarisaanpassings gekoppel aan die Verbruikersprysindeks (VPI/CPI), asook aanpassings rakende behuisings- en mediese voordele;
4. Meerjarige ooreenkomste stabiliteit binne die onderhandelingsproses kan bevorder, maar ook die risiko inhou dat ekonomiese veranderinge en verhoogde lewenskoste nie voldoende geakkommodeer word nie;
5. Salarisaanpassings nie bloot inflasie moet volg nie, maar werklik die koopkrag en finansiële welstand van werknemers moet beskerm;
6. Huisvesting, mediese koste en aftreebeplanning toenemende druk op staatsdienswerknemers plaas;
7. Die behuisingstoelaag en mediese subsidie 'n integrale deel van diensvoorwaardes vorm;
8. Georganiseerde arbeid voldoende ruimte moet behou om op veranderende ekonomiese en fiskale toestande binne toekomstige onderhandelingsiklusse te reageer; en

9. Vorige staatsdiensooreenkomste dikwels spanning veroorsaak het waar werknemers se koopkrag oor tyd afgeneem het ondanks formele salarisaanpassings.

Die Kongres beveel aan dat:

1. Die SAOU tydens toekomstige staatsdiensonderhandelinge prioritiseer dat salarisaanpassings die werklike koopkrag van werknemers beskerm en verbeter.
2. Die SAOU hom beywer vir:
    2.1. Billike en betekenisvolle salarisaanpassings;
    2.2. Behuisingstoelaagaanpassings wat tred hou met werklike huisvestingskoste;
    2.3. Mediese subsidie-aanpassings wat die toenemende koste van mediese dekking aanspreek; en
    2.4. Die beskerming van totale diensvoordele binne die staatsdiens.
3. Die SAOU voorkeur gee aan eenjarige salaris- en diensvoorwaardeooreenkomste ten einde groter reaksievermoë op ekonomiese veranderinge en inflasionêre druk te verseker.
4. Die SAOU egter nie uitgesluit word van die moontlikheid om 'n verantwoordelike meerjarige ooreenkoms te sluit nie, mits sodanige ooreenkoms:
    4.1. Werknemers se koopkrag voldoende beskerm;
    4.2. Duidelike minimum waarborge bevat;
    4.3. Inflasie- en ekonomiese risiko's realisties akkommodeer;
    4.4. Gereelde hersieningsmeganismes insluit; en
    4.5. Die volhoubaarheid van staatsdiensvergoeding bevorder.
5. Die SAOU voortgaan om navorsing en konsultasie te doen oor die langtermyn-impak van inflasie, mediese koste, huisvestingskoste en fiskale beleid op staatsdienswerknemers.
6. Die SAOU aktiewe deelname verseker in alle toekomstige staatsdiensonderhandelings ten einde die professionele, finansiële en arbeidsbelange van onderwyspersoneel te beskerm en uit te bou.

**Mosie saamgestel uit:**
Nasionale Dagbestuur

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur, Kollektiewe Onderhandelinge en SAOU KwaZulu-Natal

**Mosie 5: 1.5 (g) Die versterking van die SAOU se mandaat rakende GEMS en die beskerming van lede se mediese voordele**

Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:

1. Die voorgestelde verhoging van GEMS-lidbydraes vir 2026 ernstige finansiële druk op staatsdienswerknemeers en hul families geplaas het;
2. Volgehoue druk deur georganiseerde arbeid daartoe gelei het dat die voorgestelde verhoging verlaag is van 9,5% na 7,5%;
3. Toenemende mediese koste, administratiewe uitgawes en onsekerheid oor volhoubaarheid 'n direkte impak op lede se koopkrag en toegang tot bekostigbare mediese dekking het;
4. GEMS oorspronklik daargestel is om staatsdienswerknemeers toegang te gee tot bekostigbare, kwaliteit mediese dekking wat die belange van lede en hul families eerste stel;
5. Die SAOU van mening is dat swak finansiële beplanning, institusionele tekortkominge en buitensporige kostestrukture nie op lede verhaal behoort te word nie;
6. Deursigtigheid, aanspreeklikheid en betekenisvolle deelname van georganiseerde arbeid noodsaaklik is vir goeie bestuur binne GEMS; en

7. Daar toenemende behoefte bestaan dat die SAOU 'n duidelike, aktiewe en strategiese mandaat handhaaf ten opsigte van die beskerming van lede se mediese voordele en finansiële belange.

Die Kongres beveel aan dat:

1. Die SAOU voortgaan om aktief deel te neem aan alle prosesse rakende GEMS ten einde die finansiële en mediese belange van lede te beskerm.
2. Die SAOU hom beywer vir:
   2.1. Billike en bekostigbare lidbydraes;
   2.2. Volledige deursigtigheid rakende administratiewe koste, kontrakte, verkrygingsprosesse en uitvoerende vergoeding;
   2.3. Betekenisvolle deelname van georganiseerde arbeid binne besluitnemingsprosesse; en
   2.4. Die beskerming van kwaliteit mediese voordele vir staatsdienswerknemeers en hul families.
3. Die SAOU voortgaan om druk toe te pas vir:
   3.1. Onafhanklike ondersoeke waar nodig;
   3.2. Verbeterde aanspreeklikheid en goeie bestuur binne GEMS;
   3.3. Verantwoordelike finansiële bestuur; en
   3.4. Volhoubare oplossings wat nie onredelike finansiële druk op lede plaas nie.
4. Die SAOU gereelde terugvoer en kommunikasie aan lede verskaf oor ontwikkelinge rakende GEMS, mediese voordele en onderhandelingsprosesse.
5. Die SAOU voortgaan om saam met georganiseerde arbeid en ander relevante rolspelers op te tree om die langtermyn-volhoubaarheid, bekostigbaarheid en integriteit van GEMS te beskerm

**Mosie saamgestel uit:**
Nasionale Dagbestuur

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur, Bemarking en Kommunikasie, Kollektiewe Onderhandelinge en Regsdienste

**Mosie 6: 1.1 (c) Kunsmatige Intelligensie (ki) en die voortbestaan van die onderwysprofessie**
Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:

1. Die toenemende invloed van Kunsmatige Intelligensie (KI) op onderrig, assessering, administrasie en professionele praktyke binne die onderwysomgewing;
2. Die geleenthede wat KI bied om administratiewe werkslading te verminder, doeltreffendheid te verbeter en onderwysers professioneel te ondersteun;
3. Die noodsaaklikheid van duidelike riglyne, verantwoordelike implementering en voortgesette opleiding oor die effektiewe en etiese gebruik van KI in die onderwys;
4. Die feit dat KI nie die unieke menslike rol van die onderwyser kan vervang nie, naamlik die bou van verhoudings, die vorming van waardes en die holistiese ontwikkeling van leerders;
5. Die risiko dat onvoldoende beheer, opleiding en beleidsduidelikheid die professionele identiteit van onderwysers en die kwaliteit van onderrig kan benadeel; en
6. Die noodsaaklikheid dat KI strategies, mensgesentreerd en opvoedkundig verantwoordbaar geïntegreer word binne die onderwysstelsel.

Die Kongres beveel aan dat:

1. KI strategies en verantwoordelik binne die onderwys geïntegreer word, met die onderwyser as sentrale rolspeler in die leerproses.
2. Die SAOU voortgaan om:

2.1. Doelgerigte opleiding en professionele ontwikkeling oor KI te bevorder;
2.2. Onderwysers te ondersteun in die effektiewe en etiese gebruik van KI;
2.3. Die verantwoordelike gebruik van KI om administratiewe werksdruk te verminder te ondersteun; en
2.4. Die professionele rol van die onderwyser binne ’n tegnologiegedrewe omgewing te beskerm.
2.5. Die SAOU aktief betrokke wees by die ontwikkeling van duidelike nasionale riglyne vir die etiese en opvoedkundige gebruik van KI binne die onderwyssektor.

3. Voortgesette navorsing, gesprek en monitering bevorder word oor:
   3.1. Die impak van KI op onderrig en assessering;
   3.2. Die invloed daarvan op onderwyserwelstand en werkslading;
   3.3. Die professionele implikasies van KI vir die onderwysprofessie; en
   3.4. Die verantwoordelike integrasie van KI binne skole en klaskamers.
4. Die SAOU die beskerming en versterking van die onderwysprofessie prioritiseer deur te verseker dat KI die menslike dimensie van onderrig ondersteun, maar nie vervang nie.

**Mosie saamgestel uit:**

- KwaZulu-Natal (1);
- Mpumalanga (3); en
- Oos-Kaap (7).

**Verwys vir hantering na:**

Nasionale Dagbestuur, Nasionale Afdelings en Kunsmatige Intelligensie-beampte

**Mosie 7: 1.1 (e) Versterking van die status en kwaliteit van Vroeë Kinderontwikkeling (VKO) [0–4 jaar] onderwysers en praktisyns**

Die Kongres op 24 en 25 Junie 2026 neem kennis dat:

1. Die grondslag van ’n kind se ontwikkeling en toekomstige leer gedurende die vroeë kinderontwikkelingsjare gevestig word;
2. Vroeë investering in kwaliteit opvoeding en ontwikkeling ’n direkte positiewe impak op leerdergereedheid en langtermyn-onderwysuitkomste het; en
3. Leerders beter voorbereid is vir toetrede tot die Grondslagfase wanneer kwaliteit VKO-ondersteuning beskikbaar is.

Die Kongres beveel aan dat:

1. Die status en kwaliteit van Vroeë Kinderontwikkeling-opvoeders en praktisyns doelbewus versterk word deur verbeterde opleiding en die formalisering van professionele standaarde.
2. Die SAOU stappe neem om te verseker dat:
   2.1. VKO-opvoeders beter ondersteun en billik vergoed word; en
   2.2. Die rol van VKO-praktisyns as kritiese grondslag vir leerderontwikkeling formeel erken en geïntegreer word binne die breër onderwysstelsel.
3. Die SAOU samewerking tussen relevante rolspelers bevorder ten einde toegang tot kwaliteit VKO-dienste uit te brei en leerders optimaal vir die Grondslagfase voor te berei.

**Ingedien en ondersteun deur:**

Wes-Kaap (8)

**Verwys vir hantering na:**

Nasionale Dagbestuur, Professionele Dienste en SAOU Wes-Kaap

## STATUTÊRE VERPLIGTINGE

Die mosies betreffende die statutêre verpligtinge handel oor uitstaande aspekte van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet no. 84 van 1996, soos gewysig, deelname aan die herskryf van die postevoorsieningsmodel en die herposisionering van inklusiewe onderwys.

### Mosie 8: 1.5 (a) Die beskerming van die professionele status van die onderwyser

Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:

1. Toenemende mikrobestuur en administratiewe beheer ondermyn die professionele oordeel, outonomie en status van onderwysers;
2. Beleidsbesluite word dikwels geneem sonder voldoende insette van praktiserende onderwysers en skole;
3. Die behoud en ontwikkeling van kwaliteit onderwysers direk verband hou met die professionele status en beeld van die onderwysberoep;
4. Professionele erkenning, aanspreeklikheid en ondersteuning noodsaaklik is vir kwaliteit onderrig en volhoubare onderwys; en
5. Onderwysers as professionele persone erken, beskerm en bemagtig moet word om die status van die onderwysprofessie te versterk.

Die Kongres beveel aan dat:

1. Die SAOU die professionele status, beeld en integriteit van die onderwysprofessie aktief bevorder en beskerm.
2. Die SAOU voortgaan om:
   2.1. Die professionele beeld van onderwys tydens alle byeenkomste, seminare en vergaderings te bevorder;
   2.2. Onderwysers se professionele bydraes en uitnemendheid te erken en te beloon; en
   2.3. Die professionele outonomie en standaarde van die onderwysberoep te versterk.
3. Die SAOU met relevante rolspelers in gesprek tree om die status, aansien en professionele erkenning van onderwysers binne die breër gemeenskap verder uit te bou.

**Ingedien en ondersteun deur:**
Noordwes (39)

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur, Professionele Dienste en SAOU Noordwes

### Mosie 9: 1.2 (a) Die sloering van regulasies vir die implementering van SASW soos gewysig (BELA)

Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:

1. Die voortdurende vertraging in die finalisering en publisering van regulasies vir die implementering van die BELA-wysigings;
2. Die onsekerheid wat die afwesigheid van duidelike regulasies vir skole, beheerliggame en onderwyspersoneel skep;
3. Die risiko van inkonsekwente toepassing, verhoogde administratiewe druk en regsdispute in die afwesigheid van voldoende beleidsriglyne;
4. Die noodsaaklikheid van duidelike, prakties uitvoerbare regulasies om regsekerheid, stabiliteit en konsekwente implementering binne skole te bevorder; en
5. Die feit dat voortdurende onsekerheid reeds spanning en litigasie binne die onderwysomgewing veroorsaak.

Die Kongres beveel aan dat:

1. Die Departement van Basiese Onderwys die uitstaande BELA-regulasies dringend finaliseer en tydig publiseer.
2. Duidelike implementeringsriglyne ontwikkel word om:
    2.1. Regsekerheid vir skole en beheerliggame te bevorder;
    2.2. Inkonsekwente toepassing van beleid te voorkom;
    2.3. Administratiewe en regsrisiko's te beperk; en
    2.4. Stabiliteit binne die onderwysomgewing te versterk.
3. Die SAOU voortgaan om:
    3.1. Die implementering van BELA te monitor;
    3.2. Insette te lewer oor die praktiese toepassing van regulasies; en
    3.3. Met relevante rolspelers te konsulteer oor uitdagings en onbedoelde gevolge van die implementering.
4. Die SAOU die beskerming van skole, beheerliggame en onderwyspersoneel prioritiseer gedurende enige verdere implementeringsprosesse rakende BELA.

**Mosie saamgestel uit:**
Oos-Kaap (24)

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur en Regsdienste

**Mosie 10: 1.2 (b) Die nie-implementering van Graad R as verpligte komponent van die skoolstelsel**
Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:

1. Die belangrike rol wat Graad R speel in vroeë kinderontwikkeling, skoolgereedheid en langtermyn-leerderontwikkeling;
2. Die voortdurende ongelykheid in toegang tot kwaliteit Graad R-onderrig en ondersteuning;
3. Die noodsaaklikheid van voldoende befondsing, infrastruktuur, personeelvoorsiening en opleiding vir die suksesvolle implementering van verpligte Graad R;
4. Die risiko dat onvoldoende ondersteuning en onbeplande implementering die kwaliteit en volhoubaarheid van Graad R kan benadeel; en
5. Die noodsaaklikheid dat enige verdere implementering realisties, opvoedkundig verantwoordbaar en volhoubaar moet wees.

Die Kongres beveel aan dat:

1. Die SAOU die implementering van Graad R as verpligte komponent van die skoolstelsel ondersteun, mits voldoende ondersteuning en hulpbronne beskikbaar gestel word.
2. Die Departement van Basiese Onderwys dringend fokus op:
    2.1. Kwaliteit opleiding van Graad R-opvoeders;
    2.2. Voldoende infrastruktuur en leerondersteuning;
    2.3. Billike en volhoubare befondsing; en
    2.4. Praktiese implementeringsplanne vir alle skole.
3. Die SAOU voortgaan om insette te lewer oor die praktiese implementering, ondersteuning en volhoubaarheid van Graad R binne die onderwysstelsel.
4. Enige verdere implementering van verpligte Graad R gefasseerd, realisties en ondersteunend tot skole en onderwyspersoneel moet wees.

**Mosie saamgestel uit:**
Nasionale Dagbestuur

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur, Kollektiewe Onderhandelinge en Professionele Dienste

**Mosie 11: 1.2 (d) Die herskryf van die postevoorsieningsmodel**
Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:
1. Die feit dat die huidige Postevoorsieningsmodel nie meer die realiteite van die hedendaagse onderwyslandskap voldoende weerspieël nie.
2. Die toenemende druk op skole as gevolg van oorvol klasse, personeeltekorte en vertragings in die vulling van vakatures.
3. Die feit dat die huidige model onvoldoende rekening hou met:
   3.1. Klasgroottes;
   3.2. Ligging van skole;
   3.3. Migrasiepatrone;
   3.4. Inklusiewe onderwys;
   3.5. Die behoeftes van spesiale skole; en
   3.6. Veranderende kurrikulum- en personeelvereistes.
4. Die negatiewe impak wat personeeltekorte, vakante poste en verhoogde werksdruk op onderwyserwelstand, leerderondersteuning en kwaliteit onderwys het.
5. Die noodsaaklikheid van ’n billike, responsiewe en konteksgedrewe model wat die werklikhede van skole en opvoeders weerspieël.
6. Die belangrike rol van georganiseerde arbeid en praktisyns in die ontwikkeling van ’n realistiese en uitvoerbare model.

Die Kongres beveel aan dat:
1. Die huidige Postevoorsieningsmodel dringend hersien en herstruktureer word om die veranderende onderwyslandskap en werklike behoeftes van skole beter te weerspieël.
2. Die hersiene model:
   2.1. Rekening hou met werklike leerdergetalle en klasgroottes;
   2.2. Skole in verskillende geografiese en sosio-ekonomiese kontekste billik akkommodeer;
   2.3. Die behoeftes van spesiale skole voldoende aanspreek;
   2.4. Onderwyserwelstand en volhoubare werkslading bevorder; en
   2.5. Die kwaliteit van onderrig en leerderondersteuning versterk.
3. Die Departement van Basiese Onderwys dringend fokus op:
   3.1. Die spoedige vulling van vakante poste;
   3.2. Die vermindering van oorvol klasse;
   3.3. Die verbetering van ondersteuningsdienste; en
   3.4. Die billike verspreiding van hulpbronne en personeel.
4. Die SAOU aktiewe en betekenisvolle deelname verseker in die herskryfproses van die Postevoorsieningsmodel en voortgaan om insette te lewer oor die praktiese impak daarvan op skole en onderwyspersoneel.

**Mosie saamgestel uit:**
- Gauteng (13 en 14);
- Limpopo (20);

- Mpumalanga (21); en
- Noordwes (38).

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur, Kollektiewe Onderhandelinge, Regsdienste en SAOU Gauteng

**Mosie 12: 1.2 (g) Die integrasie van Witskrif 6 rakende inklusiewe onderwys in hoofstroomskole**
Die Kongres op 24 en 25 Junie 2026 neem kennis dat:
1. Die uitbreiding van inklusiewe onderwys binne die hoofstroom word in beginsel ondersteun. Daar bestaan egter kommer dat die huidige benadering nie voldoende rekening hou met die praktiese realiteite waarmee skole en opvoeders daagliks gekonfronteer word nie;
2. Hoofstroomskole beskik in baie gevalle nie oor voldoende kapasiteit, infrastruktuur, hulpbronne of ondersteuningsdienste om leerders met hoë ondersteuningsbehoeftes effektief te akkommodeer nie;
3. Opvoeders in hoofstroomskole is oor die algemeen nie voldoende opgelei of toegerus om leerders met matige tot ernstige intellektuele gestremdhede (MID en SID) effektief te ondersteun nie;
4. Die gebrek aan gespesialiseerde opleiding, hulpbronne en ondersteuningstelsels plaas nie net druk op opvoeders nie, maar beperk ook die kwaliteit van onderrig wat aan alle leerders gelewer kan word;
5. Die integrasie van leerders met ernstige ondersteuningsbehoeftes in hoofstroomomgewings nie noodwendig in die beste belang van die betrokke leerders is nie;
6. Gespesialiseerde skole beskik oor die kundigheid, aangepaste kurrikulum en ondersteuningsdienste wat noodsaaklik is vir hierdie leerders se optimale ontwikkeling;
7. Die voorgestelde heraanwending van spesiale skole die beskikbaarheid en kwaliteit van gespesialiseerde ondersteuning kan benadeel;
8. Die ekstra uitdagings en las op 'n skool word nie in ag geneem deur die Onderwys Departement nie en meer spesifiek word gewig ten opsigte van SID en MID leerders word nie korrek gebruik by die berekening van die postevoorsiening nie;
9. Die verskuiwing na hoofstroomonderwys sonder voldoende kapasiteit en voorbereiding kan lei tot marginalisering eerder as werklike insluiting; en
10. Die SAOU van mening is dat die voorgestelde benadering tot inklusiewe onderwys nie volhoubaar of opvoedkundig verantwoordbaar is in sy huidige vorm nie.

Die Kongres beveel aan dat:
1. Die implementering van Witskrif 6 oor inklusiewe onderwys in hoofstroomskole slegs voortgesit word waar dit ondersteun word deur voldoende kapasiteit, opleiding, befondsing en duidelike beleids- en kurrikulumriglyne.
2. Inklusiewe onderwys prakties uitvoerbaar moet wees en in die beste belang van alle leerders geskied, met inagneming van:
   2.1. Die behoeftes van die individuele leerder;
   2.2. Die klasomgewing; en
   2.3. Die breër skoolgemeenskap.
3. Die SAOU stappe sal neem ter ondersteuning, versterking en uitbreiding van spesiale skole om leerders met hoë ondersteuningsbehoeftes optimaal te akkommodeer, terwyl hoofstroomskole toepaslik ondersteun sal word om inklusiewe onderwys verantwoordbaar en volhoubaar te implementeer sonder om onderriggehalte te benadeel.

**Mosie saamgestel uit:**
- Mpumalanga (22); en

- Wes-Kaap (25).

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur, Professionele Dienste en SAOU Mpumalanga

**Mosie 13: 1.3 (e) Die hantering van inklusiewe onderwys binne die hoofstroom**
Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:

1. Daar reeds ʼn beduidende tekort bestaan aan spesiale skole en beskikbare plasings vir leerders met hoë ondersteuningsbehoeftes;
2. Die heraanwending van bestaande spesiale skole sonder uitbreiding van kapasiteit verdere druk op ʼn reeds oorbelaste stelsel plaas;
3. Baie hoofstroomskole nie oor voldoende hulpbronne, opleiding en ondersteuning beskik om leerders met matige intellektuele gestremdhede (MID) effektief te akkommodeer nie;
4. Die gebrek aan voldoende ondersteuning die risiko verhoog dat leerders nie die nodige opvoedkundige ondersteuning en ontwikkelingsgeleenthede ontvang nie;
5. Daar steeds onsekerheid bestaan oor die kurrikulum, implementering en ondersteuning van MID-leerders binne hoofstroomskole;
6. Effektiewe inklusiewe onderwys deeglike beplanning, voldoende befondsing, spesialis-ondersteuning en volgehoue professionele ontwikkeling vereis; en
7. Onvoldoende voorbereiding en ondersteuning ʼn negatiewe impak op onderriggehalte, leerderuitkomste en die volhoubaarheid van inklusiewe onderwys kan hê.

Die Kongres beveel aan dat:

1. Die SAOU die beginsel van inklusiewe onderwys ondersteun, mits dit verantwoordelik, realisties en opvoedkundig verantwoordbaar geïmplementeer word.
2. Die implementering van die heraanwending van spesiale skole en die plasing van MID-leerders in hoofstroomskole nie voortgaan sonder:
   - 2.1. Voldoende kapasiteit by spesiale skole;
   - 2.2. Gespesialiseerde ondersteuning aan hoofstroomskole;
   - 2.3. Duidelike kurrikulumriglyne;
   - 2.4. Praktiese implementeringsplanne; en
   - 2.5. Voldoende hulpbronne en opleiding nie.
3. Die SAOU voortgaan om:
   - 3.1. Die uitbreiding en beskerming van spesiale skole te bevorder;
   - 3.2. Hoofstroomskole se ondersteuningsbehoeftes te monitor; en
   - 3.3. Insette te lewer oor die praktiese uitvoerbaarheid van inklusiewe onderwys binne die hoofstroom.
4. ʼn Gebalanseerde benadering gevolg word wat die beste belang van leerders, onderwysers en die breër skoolgemeenskap prioritiseer.

**Ingedien en ondersteun deur:**
Nasionale Dagbestuur

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur, Professionele Dienste en SAOU Limpopo

## FINANSIES

Die mosies betreffende finansies handel oor die impak van finansiële tekorte op die grondwetlike reg op kwaliteit basiese onderwys vir leerders en optimale werksomstandighede vir onderwysers.

### Mosie 14: 1.2 (f) Die hersiening van die befondsingsmodel van skole (kwintiele)

Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:

1. Die feit dat die huidige kwintielgebaseerde befondsingsmodel nie meer die werklike sosio-ekonomiese en demografiese realiteite van skole voldoende weerspieël nie;
2. Die feit dat kwintielindelings vir baie jare nie betekenisvol hersien is nie, ondanks wesenlike veranderinge binne skoolgemeenskappe;
3. Die toenemende diversiteit van leerderbevolkings en die groeiende finansiële druk wat skole en beheerliggame ervaar;
4. Die feit dat baie skole leerders vanuit uiteenlopende ekonomiese en geografiese agtergronde bedien, ongeag hul bestaande kwintielklassifikasie;
5. Die noodsaaklikheid dat befondsing billik, konteksgedrewe en ondersteunend tot inklusiewe onderwys toegeken word; en
6. Die toenemende finansiële druk op skole om kwaliteit onderwys, infrastruktuur en ondersteuning volhoubaar te handhaaf.

Die Kongres beveel aan dat:

1. Die huidige kwintielgebaseerde befondsingsmodel dringend hersien word om die veranderde realiteite van skole en skoolgemeenskappe beter te weerspieël.
2. Die hersiene model:
   2.1. Billike en konteksgedrewe befondsing verseker;
   2.2. Opdatering van verouderde demografiese en sosio-ekonomiese data prioritiseer;
   2.3. Die beginsels van inklusiewe onderwys ondersteun;
   2.4. Die toenemende druk op beheerliggame en skole aanspreek; en
   2.5. Finansiële volhoubaarheid en gelyke toegang tot kwaliteit onderwys bevorder.
3. Die Departement van Basiese Onderwys die praktiese impak van die huidige model op skole, beheerliggame en leerderondersteuning hersien en aanspreek.
4. Die SAOU voortgaan om insette te lewer oor 'n meer regverdige, realistiese en volhoubare befondsingsmodel vir alle skole.

**Mosie saamgestel uit:**

Gauteng (17); en

Noord-Kaap (23).

**Verwys vir hantering na:**

Nasionale Dagbestuur, Kollektiewe Onderhandelinge, Regsdienste en SAOU Gauteng

### Mosie 15: 1.2 (h) Die nie- of laat betaling van norme en standaarde as 'n skending van onderwysers en leerders se grondwetlike verpligting om kwaliteit onderwys en leer toe te pas

Die Kongres op 24 en 25 Junie 2026 neem kennis dat:

1. Leerderprestasie word in baie skole sterk beïnvloed deur sosio-ekonomiese faktore soos armoede, werkloosheid en beperkte toegang tot hulpbronne;
2. Die nie- of laat betaling van norme en standaarde is 'n skending van leerders se reg op kwaliteit onderwys en skole se vermoë om effektiewe onderrig en leer te verseker;

3. Die nie-betaling plaas skole onder onnodige finansiële druk wat 'n impak het op beskikbare fondse vir die aanstelling van personeel by skole. Kwaliteit onderrig kan nie plaasvind sonder die nodige leermateriaal en veilige skole nie; en
4. Die SAOU ten gunste van 'n hersiening van die befondsingsmodel deur Tesourie, die Nasionale en Provinsiale Departemente van Onderwys is vir die tydige betaling van norme en standaarde aan skole.

Die Kongres beveel aan dat:
1. Die SAOU nodige stappe neem om die Departement van Basiese Onderwys te dwing om die gelde tydig oor te betaal.
2. Duidelike, prakties uitvoerbare implementeringsriglyne bevestig word om:
   2.1. Finansiële sekerheid vir skole en beheerliggame te verseker; en
   2.2. Risiko's te beperk.
3. Die SAOU in deurlopende konsultasie sal wees met ander relevante rolspelers en dat monitering en terugvoer oor die betaling gefasiliteer word.

Ingedien en ondersteun deur:
- Gauteng (15);
- KwaZulu-Natal (18); en
- Noordwes (36).

Verwys vir hantering na:
Nasionale Dagbestuur, Regsdienste en SAOU KwaZulu-Natal

Mosie 16: 1.1 (d) Die verwerping van besnoeiingsmaatreëls tot voordeel van kwaliteit onderwys
Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:
1. Die SAOU maatreëls verwerp wat ter wille van kostebesparing die gehalte van onderrig en leer benadeel;
2. Die besnoeiing van poste en hulpbronne verhoogde druk op skoolbestuurspanne en opvoeders plaas om kwaliteit onderrig te handhaaf;
3. Sekere departementele inisiatiewe onnodige uitgawes veroorsaak sonder tasbare verbetering van die uitdagings binne skole;
4. Beskikbare fondse eerder aangewend behoort te word vir kernbehoeftes soos voldoende personeel, opleiding, hulpbronne en infrastruktuur;
5. Beperkte begrotings, vakante poste en personeeltekorte lei tot oorvol klaskamers, verhoogde werksdruk en beperkte professionele funksionering binne skole;
6. Hierdie beperkings die vermoë van skole en die Departement van Basiese Onderwys ondermyn om kwaliteit onderwys effektief te lewer; en
7. Onvoldoende infrastruktuur en ruimte verdere druk op skole plaas en dissiplinêre uitdagings vererger.

Die Kongres beveel aan dat:
1. Besnoeiingsmaatreëls wat die gehalte van onderwys benadeel, deur die SAOU verwerp word en dat voldoende befondsing prioriteit geniet om volhoubare kwaliteit onderrig te verseker.
2. Die SAOU druk op die Departement van Basiese Onderwys plaas om:
   2.1. Vakante poste te vul;
   2.2. Voldoende hulpbronne te voorsien; en
   2.3. Skoolinfrastruktuur te verbeter ten einde oorvol klaskamers en verhoogde werksdruk te verminder.
3. Beskikbare fondse strategies aangewend word vir kernbehoeftes binne die onderwys eerder as vir inisiatiewe wat nie tasbare waarde tot onderrig en leer toevoeg nie.

4. Daar op nasionale vlak gepleit word vir 'n befondsingsbenadering wat die professionele funksionering van skole ondersteun en onderwysers in staat stel om kwaliteit onderrig effektief en met die nodige outonomie te lewer.

**Ingedien en ondersteun deur:**
Noordwes (5)

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur, Kollektiewe Onderhandelinge en SAOU Noordwes

## KURRIKULUM

Kurrikulummosies handel oor die onvoltooide en onbefondsde kurrikulumaangeleenthede van die Departement van Basiese Onderwys.

**Mosie 17: 1.3 (a) Die toekoms en implementering van die driestroommodel**
Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:
1. Die doel van die Driestroommodel om verskillende leer- en vaardigheidstrajekte binne die onderwysstelsel te ontwikkel;
2. Die voortdurende onsekerheid rakende die beleid, implementering en praktiese toepassing van die model;
3. Die gebrek aan duidelike riglyne, voldoende ondersteuning en realistiese implementeringsplanne vir skole en onderwyspersoneel;
4. Die druk wat nuwe kurrikulumrigtings op skole, hulpbronne en personeel plaas; en
5. Die noodsaaklikheid dat spesiale skole en bestaande ondersteuningsraamwerke beskerm moet word.

Die Kongres beveel aan dat:
1. Die SAOU die behoud van die Driestroommodel ondersteun, mits dit verantwoordelik, realisties en opvoedkundig verantwoordbaar geïmplementeer word.
2. Die Departement van Basiese Onderwys dringend:
   2.1. Duidelike beleidsriglyne;
   2.2. Praktiese implementeringsplanne;
   2.3. Realistiese tydlyne; en
   2.4. Voldoende ondersteuning aan skole voorsien.
3. Die SAOU voortgaan om die implementering van die model te monitor en die praktiese impak daarvan op skole en onderwyspersoneel te evalueer.
4. Die model hersien word indien dit nie volhoubaar, effektief en opvoedkundig verantwoordbaar geïmplementeer kan word nie.

**Mosie saamgestel uit:**
Nasionale Dagbestuur (PD33)

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur, Professionele Dienste en SAOU Limpopo

**Mosie 18: 1.3 (b) Die toekoms en geloofwaardigheid van die Algemene Onderwyssertifikaat (AOS)**
Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:
1. Die doel van die Algemene Onderwyssertifikaat (AOS) om alternatiewe leerpaaie en leerdervordering binne die onderwysstelsel te ondersteun;

2. Die toenemende kommer oor die implementering, standaardisering en geloofwaardigheid van die AOS;
3. Die gebrek aan voldoende ondersteuning, opleiding en beleidsduidelikheid vir skole en onderwyspersoneel;
4. Die administratiewe en assesseringsdruk wat die AOS op skole en opvoeders plaas;
5. Die gebrek aan 'n funksionele, erkende en geloofwaardige sertifiseringsraamwerk vir leerders; en
6. Die risiko dat onvoldoende implementering die geloofwaardigheid van die onderwysstelsel en leerdergeleenthede kan benadeel.

Die Kongres beveel aan dat:
1. Die SAOU die beginsel van die Algemene Onderwyssertifikaat ondersteun, mits dit behoorlik beplan, gestandaardiseer en ondersteun word.
2. Die Departement van Basiese Onderwys dringend:
    2.1. Duidelike beleidsriglyne;
    2.2. 'n Funksionele nasionale sertifiseringsraamwerk;
    2.3. Eenvormige implementeringspraktyke; en
    2.4. Voldoende ondersteuning aan skole en opvoeders ontwikkel.
3. Die verdere implementering van die AOS heroorweeg word totdat voldoende beleidsekerheid, ondersteuning en standaardisering bestaan.
4. Die SAOU voortgaan om insette te lewer oor:
    4.1. Die praktiese uitvoerbaarheid van die AOS;
    4.2. Die impak daarvan op onderwyserwerklading;
    4.3. Assesseringstandaarde; en
    4.4. Die waarde daarvan vir leerderontwikkeling en verdere leergeleenthede.
5. Enige toekomstige implementering realisties, opvoedkundig verantwoordbaar en administratief volhoubaar moet wees.

**Mosie saamgestel uit:**
- Limpopo (19); en
- Noord-Kaap (34).

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur, Professionele Dienste en SAOU Noord-Kaap

**Mosie 19: 1.3 (c) Die implementering van onbefondse inisiatiewe**
Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:
1. Die toenemende implementering van nuwe kurrikuluminisiatiewe sonder voldoende befondsing, hulpbronne en ondersteuning aan skole;
2. Die addisionele administratiewe, finansiële en professionele druk wat onbefondse inisiatiewe op skole en opvoeders plaas;
3. Die feit dat skole dikwels verwag word om infrastruktuur, opleiding en hulpbronne self te voorsien sonder addisionele ondersteuning;
4. Die risiko dat ongelykhede tussen skole verder verdiep word deur onvoldoende ondersteuning en befondsing;
5. Die negatiewe impak wat oorlading, onvoldoende beplanning en gefragmenteerde implementering op onderrigkwaliteit en leerderprestasie het; en
6. Die noodsaaklikheid van realistiese tydlyne, strategiese beplanning en volhoubare ondersteuning vir enige nuwe onderwysinisiatief.

Die Kongres beveel aan dat:

1. Geen nuwe kurrikuluminisiatief geïmplementeer word sonder:
   1.1. 'n Duidelike befondsingsmodel;
   1.2. Voldoende hulpbronne;
   1.3. Professionele opleiding;
   1.4. Realistiese implementeringstydlyne; en
   1.5. Volhoubare ondersteuning aan skole en opvoeders nie.
2. Die SAOU voortgaan om die praktiese impak van nuwe kurrikuluminisiatiewe op skole en opvoeders te monitor en daaroor insette te lewer.
3. Die Departement van Basiese Onderwys verseker dat enige nuwe inisiatief opvoedkundig verantwoordbaar, finansieel haalbaar en administratief uitvoerbaar is voordat implementering plaasvind.
4. Die SAOU die beginsel van betekenisvolle konsultasie met onderwysers en skole voor implementering van nuwe inisiatiewe bevorder.

**Mosie saamgestel uit:**
Nasionale Dagbestuur

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur, Kollektiewe Onderhandelinge, Professionele Dienste en SAOU Vrystaat

## SAOU

Die SAOU-mosies handel oor die strategiese rigting binne die SAOU en dienslewering aan SAOU-lede.

**Mosie 20: 1.4 (a) – (e) Strategiese rigting binne die SAOU**
**Navorsingsgedrewe strategiese beplanning en organisasieontwikkeling**
Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:

1. Die belangrike rol van navorsing, data-ontleding, tendensidentifisering en strategiese beplanning in verantwoordbare besluitneming en effektiewe organisasieontwikkeling.
2. Die behoefte dat toekomstige strategiese besluite, organisasie-ontwikkeling en diensleweringsmodelle ondersteun moet word deur geloofwaardige navorsing en praktiese implementeringsprosesse.
3. Die voortdurend veranderende aard van die onderwys-, tegnologie-, arbeids- en organisatoriese omgewing waarin die SAOU funksioneer.
4. Die noodsaaklikheid dat die SAOU strategies, proaktief en innoverend moet optree ten einde relevant, volhoubaar en invloedryk binne die onderwysomgewing te bly.
5. Die noodsaaklikheid dat die SAOU se strategiese rigting voortdurend belyn bly met:
   5.1. Die verhoging van die waardeproposisie van lede;
   5.2. Die vestiging van die SAOU as 'n erkende openbare meningsvormer met 'n gesaghebbende stem;
   5.3. Die ontwikkeling van volhoubare alliansies en netwerke;
   5.4. Die versterking van die SAOU se handelsmerk en waardes;
   5.5. Die ontwikkeling van strategiese en innoverende denke; en
   5.6. Die toepassing van 'n waardegedrewe leierskapmodel.

Die Kongres beveel aan dat:

1. Die SAOU voortgaan om navorsingsgedrewe besluitneming en strategiese beplanning as kernbeginsels van organisasieontwikkeling en toekomstige volhoubaarheid te benut.

2. Toepaslike navorsingsbevindinge verantwoordelik ontleed, geïnterpreteer en strategies benut word ten einde:
    2.1. Organisatoriese relevansie te versterk;
    2.2. Dienslewering aan lede verder uit te bou;
    2.3. Strategiese aanpasbaarheid te bevorder;
    2.4. Toekomstige organisatoriese uitdagings proaktief aan te spreek; en
    2.5. Die organisasie se invloed binne die onderwysomgewing te versterk.
3. Strategiese ontwikkeling en toekomstige organisasiebeplanning voortdurend belyn word met die SAOU se strategiese doelwitte, waardes en langtermyn-volhoubaarheid.
4. Geleenthede geskep word vir strategiese gesprek, innovasie, kennisdeling en samewerking binne alle strukture van die organisasie.
5. Die SAOU voortgaan om nuwe strategieë, benaderings en implementeringsprosesse te ontwikkel wat die organisasie se relevansie, aanpasbaarheid en diens aan lede versterk.

**Ingestuur en ondersteun deur:**
Nasionale Dagbestuur

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur en Kantoorhoofde

**Mosie 21: 1.5 (f) Die versterking van die SAOU se dienslewering, handelsmerk en ondersteuning aan lede en beheerliggame**

Die Kongres op 24 en 25 Junie 2026 neem kennis dat:
1. Die onderwysomgewing toenemend verander en nuwe organisasies en rolspelers alternatiewe ondersteuningsmodelle binne skole en beheerliggame bevorder;
2. Die SAOU oor dekades 'n gevestigde tradisie opgebou het van professionele dienslewering, arbeidsbeskerming en ondersteuning aan onderwysers, skole en beheerliggame;
3. Beheerliggame, ouergemeenskappe en beheerliggaam-opvoeders toenemend behoefte het aan toeganklike ondersteuning, praktiese advies, opleiding en professionele begeleiding;
4. Effektiewe kommunikasie, moderne media-teenwoordigheid en strategiese handelsmerkbou noodsaaklik geword het om die SAOU se rol, waardeproposisie en unieke identiteit binne die onderwysomgewing verder te versterk;
5. Die volhoubare groei van die SAOU afhanklik is van voortgesette vertroue, sigbaarheid, relevansie en diensgehalte aan bestaande en toekomstige lede; en
6. Die SAOU se professionele, gebalanseerde en oplossingsgedrewe benadering steeds 'n belangrike onderskeidende faktor binne die onderwys- en arbeidsomgewing vorm.

Die Kongres beveel aan dat:
1. Die SAOU voortgaan om sy lede, beheerliggame en skoolgemeenskappe volgens die gevestigde SAOU-tradisie van professionele diens, integriteit en verantwoordelike vakbondwese te ondersteun en te beskerm.
2. Die SAOU sy diensleweringsmodel voortdurend hersien en verfyn ten einde:
    2.1. Meer toeganklike en doelgerigte ondersteuning aan beheerliggame en skole te bied;
    2.2. Die veranderende behoeftes van lede en skoolgemeenskappe beter aan te spreek;
    2.3. Professionele ondersteuning en adviesdienste verder uit te bou; en
    2.4. Die waarde van SAOU-lidmaatskap sigbaar en prakties te versterk.

3. Die SAOU sy media- en kommunikasiestrategie uitbrei en moderniseer om:
    3.1. Die SAOU-handelsmerk verder te versterk;
    3.2. Die organisasie se unieke identiteit en professionele benadering duideliker te kommunikeer;
    3.3. Groter sigbaarheid binne die onderwysomgewing te verseker; en
    3.4. Jong opvoeders, beheerliggame en skoolgemeenskappe meer doelgerig te bereik.
4. Die SAOU voortgaan om strategiese ondersteuning, opleiding en vennootskappe te ontwikkel wat die professionele en gemeenskapskarakter van skole versterk.
5. Die SAOU voortgaan om as geloofwaardige, professionele en onafhanklike rolspeler die belange van onderwysers, beheerliggame en kwaliteit onderwys te beskerm en uit te bou.

**Mosie saamgestel uit:**
Nasionale Dagbestuur

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur, Bemarking en Kommunikasie, Professionele Dienste en Regsdienste

## ANDER MOSIES

Hierdie mosies handel oor die verbetering van dienslewering in die openbare sektor, die versterking van die onderwysstelsel en die onwettige klassifikasie van skole.

**Mosie 22: 1.5 (b) Verbeterde dienslewering van distrikskantore**
Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:
1. Stadige reaksietye en swak dienslewering deur Distrikskantore die effektiewe funksionering van skole benadeel;
2. Distrikskantore gereeld ontoeganklik is as gevolg van netwerkprobleme, beperkte beskikbaarheid en swak kommunikasie.
3. Onvoldoende ondersteuning vanaf Distrikskantore addisionele druk op skoolbestuurspanne en onderwyspersoneel plaas;
4. Ongestruktureerde, informele en laat kommunikasie verwarring, swak beplanning en gebrekkige implementering veroorsaak; en
5. Die gebrek aan gestandaardiseerde werkswyses en duidelike kommunikasiekanale dienslewering en samewerking tussen skole en distrikte benadeel.

Die Kongres beveel aan dat:
1. Die SAOU die nodige stappe neem om verbeterde dienslewering en ondersteuning deur Distrikskantore en provinsiale onderwysdepartemente te vereis.
2. Distrikskantore:
    2.1. Toeganklik en responsief wees;
    2.2. Gestandaardiseerde werkswyses toepas;
    2.3. Tydige en formele kommunikasie verseker; en
    2.4. Skole professioneel en konsekwent ondersteun.
3. Die praktyk van laat, ongekoördineerde en noodkommunikasie aktief aangespreek en beperk word.
4. Die SAOU voortgaan om probleme rakende dienslewering, kommunikasie en administratiewe ondersteuning by Distrikskantore te monitor en onder die aandag van relevante owerhede te bring.

**Ingedien en ondersteun deur:**
Noordwes (40)

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur , Provinsiale Kantore en SAOU Oos-Kaap

**Mosie 23: 1.5 (c) Die aanstelling van manlike onderwyspersoneel**
Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:
1. Daar ‘n toenemende afname in die verteenwoordiging van manlike opvoeders binne die onderwyssektor is;
2. Manlike opvoeders ’n belangrike rol speel in die holistiese ontwikkeling, dissipline en ondersteuning van leerders;
3. Die gebrek aan manlike rolmodelle, veral binne laerskole, ’n negatiewe impak op die diversiteit van opvoedkundige ondersteuning en leerderontwikkeling kan hê;
4. Die onderwysberoep toenemend uitdagings ervaar om manlike opvoeders tot die professie te lok en te behou; en
5. Die noodsaaklikheid bestaan om die redes vir die afname in manlike onderwyspersoneel te ondersoek en strategies aan te spreek.

Die Kongres beveel aan dat:
1. Die SAOU ’n navorsingsondersoek loods na die redes vir die tekort aan manlike opvoeders binne die onderwyssektor.
2. Die SAOU, met inagneming van die bevindinge van die ondersoek:
   2.1. Strategieë ontwikkel om manlike opvoeders tot die onderwysprofessie te lok;
   2.2. Programme bevorder om manlike opvoeders binne die professie te behou; en
   2.3. Bewusmaking skep van die waarde van diverse rolmodelle binne skole en klaskamers.
3. Die SAOU gesprekke met relevante rolspelers fasiliteer om die volhoubaarheid en aantrekkingskrag van die onderwysberoep vir jong mans te versterk.

**Ingedien en ondersteun deur:**
Vrystaat (42)

**Verwys vir hantering na:**
Nasionale Dagbestuur, Professionele Dienste en SAOU Vrystaat

**Mosie 24: 1.5 (d) Die gebruik van die term “Model-C skole”**
Die SAOU Kongres op 24 en 25 Junie neem kennis van:
1. Die term “Model-C skole” steeds binne die onderwysomgewing en deur onderwysowerhede gebruik word;
2. Die voortgesette gebruik van die term historiese verdeeldheid en verouderde persepsies binne die onderwysstelsel versterk;
3. Die term nie meer die inklusiewe en diverse aard van hedendaagse Suid-Afrikaanse skole weerspieël nie; en
4. Die gebruik van die term teenstrydig is met die beginsels van inklusiwiteit, transformasie en gelykwaardigheid binne die onderwys.

Die Kongres beveel aan dat:
1. Die SAOU die staking van die gebruik van die term “Model-C skole” ondersteun en bevorder.
2. Die SAOU formeel met die Nasionale en Provinsiale Departemente van Onderwys in gesprek tree oor die voortgesette gebruik van die term.

3. Onderwysowerhede versoek word om hulself daarvan te weerhou om die term amptelik of informeel binne kommunikasie en beleidsomgewings te gebruik.
4. Die bevordering van inklusiewe, moderne en nie-verdelende terminologie binne die onderwysstelsel ondersteun word.

Ingedien en ondersteun deur:
Vrystaat (43)

Verwys vir hantering na:
Nasionale Dagbestuur, Kollektiewe Onderhandelinge, Regsdienste en SAOU Vrystaat